HOËRSKOOL DIAMANTVELD COVID-19 VEILIGHEIDSPLAN

BEHELS DIE VOLGENDE:

1. **Opleiding van terreinpersoneel, busbestuurders en ander ondersteuningspersoneel t.o.v. die risiko's om die moontlike verspreiding van die COVID-19 virus in die skool te beperk.**
2. **Daar is met 'n deeglike skoonmaak en sanitasie proses begin.**
3. **Hantering van COVID-19 by skool indien 'n geval geïdentifiseer word.**
4. **Koshuis reëls en regulasies.**

VEILIGHEIDSKOMITEE:	
VOORSITTER:	**L. VICTOR (073 167 0024)**
NOODHULP:	**S. VILJOEN (082 820 2912)**
BESTUUR:	**F. HOLTZHAUSEN (0721295445)**
SCREENERS:	**N. MARAIS (084 596 4433)**

1. OPLEIDING

1.1 DIAMANTVELD EN COVID-19 EFFEKTIEWE BEKAMPING VAN DIE VIRUS:

BESKERM JOUSELF GEBRUIK DIE VOLGENDE 7 PUNT PLAN! DOEN ASB DIE VOLGENDE!

1. ***Bly by die huis indien jy siek is en kontak jou huisdokter.***
2. ***Dra ALTYD jou masker of skerm, moet nie aan jou oë, mond of neus vat nie.***
3. ***Nies of hoes in jou elmboog of in 'n sneesdoekie.***
4. ***Was jou hande gereeld en deeglik vir 20 sekondes.***
5. ***Hou jou eie saniteermiddel en 'wet wipes' byderhand. Daar sal handreinigingsmiddels by die skool en op die busse wees.***
6. ***Maak oppervlaktes gereeld en deeglik skoon.***
7. ***Vermy, sover moontlik, direkte of fisiese kontak met ander mense.***

1.2 STRATEGIE OM LEERDERS EN PERSONEEL OP DIE TERREIN TE BEVEILIG

- Die skoolgebou (klaskamers, badkamers, stoepe ens.) sal gereeld deur ons sanitasiespan ontsmet word.
- Alle kleedkamers sal van papierhanddoekrolle en handreinigingsmiddels voorsien word.
- Busse sal daagliks 2 x ontsmet en van handreinigingsmiddels voorsien word.
- Personeel en leerders is verantwoordelik vir die gereelde ontsmetting van hulle persoonlike ruimte.
- Die spasiëring van leerders in onderriglokale sal ten alle tye aanvaarbare sosiale afstande handhaaf.
- Handdrukke of drukkies sal vir eers vermy moet word.
- Die dra van maskers, op die korrekte manier, deur alle personeel, leerders en besoekers, sal ten alle tye verpligtend wees.
- Die terreinpersoneel sal pouses toesien dat sosiale afstand gehandhaaf word, dat leerders hulle maskers dra en dat besoeke aan die badkamers op ‘n ordelike wyse geskied.
- Vergaderings van personeel sal in kleiner groepe of in groter lokale (soos die saal) plaasvind, sodat sosiale afstand gehandhaaf kan word.
- Die terreinpersoneel sal voordurend, gedurende die dag, hoë risiko-areas soos trapreëlings, deurhandvatsels, rekenaarsleutelborde, skoolbanke en badkamers met ‘n reinigingsmiddel afvee.
- Geen persoon (besoeker, leerder of onderwyser) sal met ‘n temperatuur van bo 38ºC op die skoolterrein toegelaat word nie.
- Leerders, wie se ouers hulle kom aflaai, sal slegs van VOORTREKKERSTRAAT gebruik kan maak en dan by die onderste hek uit ry. Die leerders se temperatuur sal by die hoofhek geneem word.
- Geen ouer sal op die terrein toegelaat word, indien hy/sy nie vooraf ‘n reëling getref het, tensy in die geval van nood.
- Ouers wat hulle kinders in die middae oplaai, sal nie hul voertuie mag verlaat nie, behalwe in ‘n noodgeval of waar dit vooraf gereël is.

- Ouers sal versoek word om hulle kinders tuis te monitor en onder geen omstandighede ‘n siek kind skool toe stuur nie. Hulle sal aangeraai word om hulle geneesheer te kontak en indien die kind positief toets vir COVID-19, dadelik die skool in kennis te stel.

2. SKOONMAAK PROSES

2.1 DIEP SKOONMAAK VAN SKOOL BEHELS:

-Onderriglokale en kantore
-Alle badkamers (skool, koshuis, inwonende werkers)
-Alle kombuise (skool, koshuis, inwonende werkers)
-Die gimnasium
-Alle matte

2.2 BADKAMERS:

-Alle badkamers sal daagliks: voor skool, na pouses en na skool skoon-gemaak en ontsmet word.
-Handreinigingsmiddels en papierhanddoekrolle sal voorsien word.

2.3 ONDERRIGLOKALE:

-Afwas en ontsmet van alle oppervlaktes
-Was van vensters, vensterbanke en vensterrame
-Was en ontsmet van vloere
-Was en ontsmet van alle tafels en stoele

2.4 BUSSE

-Elke bus is binne geskrop, skoongemaak en ontsmet.
-Elke bus sal daagliks, na sy roete, weer skoongemaak en ontsmet word.
-In elke bus sal daar ‘n gemonteerde handreinigingsbottel wees.
-Busbestuurders en buskapteine sal elke oggend en middag die temperatuur van elke leerder neem. Geen leerder, met ‘n temperatuur van 38°C, sal op die bus toegelaat word nie.
-Die busbestuurder se temperatuur sal ook geneem word, voor hy die roete ry en sodra hy terug kom van sy roete af.
-Die dra van maskers en/of skerms sal verpligtend wees.
-Sosiale afstand sal op die busse geïmplementeer en gehandhaaf word.

2.5 SNOEPIE

Wanneer die snoepie heropen, sal alle veiligheidsmaatreëls gehandhaaf word.

Dit sluit in:

-Skerms, maskers, handskoene, ontsmetting en sosiale afstand

-Soos die leerders in fases terug keer skooltoe, sal daar meer bedieningspunte wees

-Personeel op terreindiens sal die ordelike verloop en toespas van sosiale distansiëring bestuur

3. HANTERING VAN SIEKTE BY DIE SKOOL

INDIEN 'N LEERDER OF PERSONEELLID SIEK WORD:

✹ Wees op die uitkyk vir waarskuwingstekens:

Noodwaarskuwingstekens sluit in:

- Probleme met asemhaling: Kort van asem of asemnood
- Aanhoudende pyn of druk in die bors
- Verwarring of onvermoë om wakker te word
- Blouerige lippe of gesig
- Kouekoors
- Seerkeel
- Verlies van smaak- en reukvermoë
- Hoofpyn en lyfseer
- LET WEL: DIT IS NIE AL DIE NOODSIMPTOME OF TEKENS NIE.

✹ **Indien'n leerder of personeellid siek word gedurende die dag, sal hulle dadelik geskei word (mediesekamer-Sportsentrum) van die res van die skool.**

Personeel sal aangemoedig word om huistoe te gaan.
Die leerder se ouers sal gekontak en versoek word om hom/haar dadelik te kom haal.

✹ Persoonlike geneeshere sal gekontak moet word om behandeling en toetsing aan te beveel.

DIE BESTUUR VAN DIE SKOOL MET DIE UITBREEK VAN COVID-19 OP DIE TERREIN

- ✹ Daar sal dadelik kommunikasie tussen die skool en die ouerhuis wees.
- ✹ Die betrokke partye sal dadelik getoets word.
- ✹ Die partye sal vir 14 dae in selfkwarantyn gaan.
- ✹ Die betrokke persoon moet dadelik ‘n volledige lys van mense met wie hy/sy in kontak was, verskaf.
- ✹ Die skool sal noodnommers van alle relevante owerhede, hospitale en departemente beskikbaar stel.
- ✹ Let net dat die skool nie die outoriteit het om die skool te sluit, indien daar ‘n uitbreek van COVID-19 is nie. Die Department van Gesondheid sal hierdie verantwoordelikheid neem.

VOLG DIE NODIGE PROSEDURE WANNEER ‘N PERSOON WAT SIEK WAS, GESOND GEWORD HET:

Wanneer kan leerders wat positief vir COVID-19 getoets het, terugkom skool toe?

- Leerders moet 14 dae by die huis bly as hulle simptome begin toon of positief getoets het.
- Na 14 dae, of indien die leerder geen simptome meer toon nie, moet die leerder weer getoets word.
- Die ouers moet die graadhoofde skakel en die negatiewe uitslag aan hulle verskaf.
- Graadhoofde sal die leerder dan weer by die skool toelaat.

Beskerm jouself as jy iemand wat siek is, versorg:

- COVID-19 versprei tussen mense wat in noue kontak kom (binne ongeveer 2 meter) deur druppels wat ontstaan as iemand praat, hoes of nies.
- Die versorger moet, indien moontlik, nie iemand wees wat 'n hoë risiko geval is vir ‘n ernstige siekte soos COVID-19 nie.
- Gebruik 'n aparte slaapkamer en badkamer: Laat die siek persoon sy of haar eie "siekekamer" of omgewing weg van ander mense hê, indien moontlik. Laat die siek persoon, indien moontlik, ook 'n aparte badkamer gebruik.
- Gedeelde ruimte:
  As julle die ruimte moet deel, maak seker dat die kamer goeie lugvloei het. Maak die venster oop en skakel 'n waaier aan (indien moontlik) om lugsirkulasie te verhoog. Die verbetering van ventilasie help om asemhalingsdruppels uit die lug te verwyder.

- Vermy besoekers:
  Vermy onnodige besoekers, veral besoeke van mense wat 'n groter risiko vir ernstige siektes het.

- Eet in aparte kamers of areas:
  Die persoon wat siek is, moet, indien moontlik, in sy kamer eet (of gevoed word).

- Was skottelgoed met handskoene en warm water:
  Hanteer alle eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels) wat deur die siek persoon gebruik word, met handskoene. Was dit met seep en warm water, of in 'n skottelgoedwasser.

- Was jou hande deeglik nadat jy die handskoene uitgetrek of gebruikte voorwerpe hanteer het.

- **Moenie die volgende deel nie**:
  Moenie eetgerei (bekers, glase, borde, messe, vurke en lepels), handdoeke, beddegoed of elektronika met die siek persoon deel nie.

SKOOL SE ONDERSTEUNINGS NETWERK:

- Beheerliggaam van Hoërskool Diamantveld
- Ons skool se ouergemeenskap
- Noord-Kaap Departement van Onderwys
- Nasionale Departement van Gesondheid (012 395 8000)
- The National Institute For Communicable Diseases (NICD) (0800 029 999)
- Gariep hospitaal (053 838 1111)
- Plaaslike polisiestasie (053 838 4441)

4. KOSHUIS

1. Stelsels en reëlings.

1.1 Koshuis en personeel

- Kamers en fasiliteite word skoongemaak en volgens voorskrifte gesaniteer.
- Kamers en fasiliteite word risikovry verklaar deur ’n mediese kenner.
- Handreiniger beskikbaar by alle ingange na gange en gemeenskaplike areas.
- Kennisgewings rakende die Covid-19 virus word opgesit : basiese higiëne, simptome ens.
- Aankoop van persoonlike beskermingsdrag vir werkers en personeel, asook termometers.
- Werkers en personeel ontvang opleiding rakende die Covid-19 virus.
    - Identifisering van simptome.
    - Prosedure indien ’n koshuisleerder simptome toon.
    - Persoonlike higiëne om die verspreiding van die virus te voorkom.
    - Daaglikse roetine en veiligheidsmaatreëls.

1.2 Koshuisleerders en ouers/voogde

- Ouers moet vooraf die koshuis in kennis stel indien hul kind sou terugkeer.
- Geen koshuisleerder mag terugkeer indien hy die simptome toon of in kontak met iemand was, wat positief getoets het vir die virus in die laaste twee weke nie.
- Ouers se reëlings moet van so aard wees dat hulle hul kind dadelik kan kom haal indien hy simptome toon of die inperkingstyd weer heringestel sou word.
- Koshuisleerders moet onderneem om die maatreëls wat by die koshuis ingestel is, nougeset na te kom.
- Koshuisleerders verskaf hul eie gesigsmaskers. ’n Week se voorraad word benodig.

2. **Slaap reëlings**

- Koshuisleerders word alleen in die kamers ingedeel.
- Herindeling sal gedoen word soos wat graadgroepe terugkeer. Indien koshuisleerders kamers moet deel namate die hoeveelheid groei sal streng reëlings in plek gestel word.
- Koshuisleerders moet net die nodige saambring en elke naweek ontruim.
- Koshuisleerders wat nie oor die naweke kan ontruim nie, se ouers moet toestemming by die senior huisvader/huismoeder kry.
- Paslakens word oor naweke geruil en kamers word skoongemaak en gesaniteer.
- Koshuisleerders kan nie oor en weer by mekaar kuier nie.

3. **Ete reëlings**
   - Etenstye sal per graad aangepas word soos die getalle toeneem. Tye sal op die kennisgewingborde verskyn.
   - Binne eetsaal
     Slegs vier koshuisleerders per tafel. Leerders plaas skinkbord met eetgerei op die trollie en verlaat die eetsaal deur die agterste deur. Persoon aan (hoof)diens kontroleer die eetsaal om goeie orde te handhaaf.
   - Buite eetsaal
     Koshuisleerders hou ’n een meter spasie tussen mekaar wanneer hulle in ’n ry staan. Persoon aan (hulp)diens kontroleer die koshuisleerders om goeie orde te handhaaf.

4. **Badkamer reëlings**
   - Storttye sal op die kennisgewingborde verskyn en sal aangepas word soos die getalle toeneem. Streng beperking sal geplaas word op aantal leerders per badkamer.

5. **Kontrole**
   - Kontrolelyste sal aangepas word met elke graad-groep wat terugkeer en kamers sal heringedeel word.
   - Personeel aan diens bly verantwoordelik vir finale opsomming en kontrole.
   - Gangvoogde neem verantwoordelikheid vir die leerders op sy/haar gang.
   - **Die toetsing van elke koshuisleerder se temperatuur sal soggens en saans plaasvind.**
   - Presensie sal deur die personeel aan diens hanteer word. Koshuisleerders bly in hul kamers hiervoor, personeel sal rondbeweeg.

6. **Vryetydsbesteding**
    - Ontspanningsaal sal gesluit wees.
    - Die gebruik van die fasiliteite op die skoolterrein sal vasgestel word deur die skoolhoof. Reëlings sal deurgegee word.
    - Geen koshuisleerder mag die terrein verlaat nie.
    - Koshuisleerders mag nie in groepe vergader nie.

7. **Aankomstye**
    - Datums, aankomstye en aflaaipunte sal aan die ouers deurgegee word.
    - Met aankoms sal koshuisleerders ’n temperatuur toets ondergaan by ’n aangewese punt.
    - Geen ouer word op die koshuisterrein toegelaat nie.
    - Koshuisleerders moet ’n gesigmasker met hul aankoms aanhê.

8. **Algemeen – Koshuisleerders**
    - Leerders moet ten alle tye die voorgeskrewe afstand tussen mekaar handhaaf.
    - Leerders moet gereeld hul hande was en die handreiniger by ingange gebruik.
    - Geen persoonlike items mag bymekaar geleen en gebruik word nie.
    - Leerders wat simptome van die Covid-19 virus toon, moet dadelik by ’n personeellid aanmeld. So ’n leerder sal dadelik na die siekekamer geneem word waar hy sal bly totdat verdere reëlings getref is.
    - Leerders moet ten alle tye, wanneer hul buite hul kamers beweeg, ’n gesigmasker dra.
    - Leerders moet nie onnodig aan oppervlaktes raak nie bv. trapreëlings.
    - Daar sal streng opgetree word teen enige leerder wat nie by die regulasies hou nie. Die senior huisvader/moeder sal indien nodig so ’n leerder se ouers in kennis stel om hom dadelik van die terrein af te verwyder.

9. **Inwonende personeel en werkers**
    - Inwonende personeel is verantwoordelik vir die veiligheid van hulle gesinne. Kontak met koshuisleerders moet vermy word.
    - Werkers ontvang die nodige veiligheidsklere en toebehore wat hulle ten alle tye moet dra.
    - Werkers se temperatuur sal daagliks, met hul aankoms, getoets word.
    - Werkers moet die voorgeskrewe veilige afstand tussen mekaar handhaaf en gereeld hul hande was.

10. Aflewerings en kontrakteurs

- Daar word van alle afleweringpersoneel en kontrakteurs verwag om die regulasies soos deur die regering bepaal noukeurig na te kom.
- Koshuispersoneel moet dit deeglik monitor en moontlike risiko's rapporteer.